Neem die gesin op ‘n leersame uitstappie na ‘n interaktiewe wetenskapsentrum waar die ouers saam met die kinders kan leer.

Neem jou kinders na ‘n interaktiewe wetenskapsentrum om op ‘n gemaklike en lekker manier meer van wetenskap te leer. Hierdie is ‘n uitstappie vir die hele gesin: tot die ouers kan daarby baatvind. Die uitstappie kos maar tussen R10 en R30 vir elke gesinslid. Meeste van die sentrums pas ook by die skoolkurrikulum aan om kinders die werk op ‘n interaktiewe manier te leer.

Sci-Bono Discovery Centre

Sci-Enza Hands on Science

MTN Sciencentre

GAUTENG

Sci-Bono Discovery Centre

Sci-Bono is regdeur die week vir besoekers oop, en trek jaarliks ongeveer 100 000 besoekers. Hulle bied ‘n verskeidenheid interaktiewe uitstallings en voorstellings van wetenskap en tegnologie aan. Die uitstallings word aan die skoolkurrikulum gekoppel. Kinders en volwassenes kan speel, leer en pret hê met wetenskap en tegnologie. Gaan kyk op hul webwerf watter interessante aanbiedings en aktiwiteite hulle nog aanbied, en gaan lees meer oor hoe jy ‘n kinderpartytjie daar kan hou.

Besoektye en ingangsfooi

Sci-Bono is van 09:00 tot 17:00 oop van Maandae tot Vrydae, en 10:00 tot 17:00 op Saterdae en Sondae.

Dit kos R20 vir volwassenes en R10 vir kinders om in te gaan. Wanneer hulle spesiale gebeurtenisse hou, kan mens meesal verniet ingaan. Kinderpartytjies kos R20 per kind, en dan word daar ‘n gratis wetenskap-magic show gehou. Skoolgroepe is baie welkom en kry ‘n spesiale afslagprys.

Kontakbesonderhede

Tel: 011 639 8400 of 011 639 8400

Faks: 011 832 3360

Adres: h/v Miriam Makeba- en Presidentstraat, Newtown, Johannesburg

Webwerf: www.sci-bono.co.za

Sci-Enza Hands on Science

Sci-Enza is die oudste interaktiewe wetenskapsentrum in Suid-Afrika. Dit is by die Universiteit van Pretoria. Die missie van Sci-Enza is om kinders van alle ouderdomme van wetenskap bewus te maak. Daar is ook ‘n camera obscura, wat in 1990 daar opgerig is. Dit gee ‘n uitsig oor Pretoria; op ‘n goeie dag kan mens tot karre sien wat die pas teen die Magaliesberge opklim. Alhoewel individue ook Sci-

Enza kan besoek, bied hulle veral programme vir skoolgroepe van 20 – 120 kinders aan. Kyk uit vir spesiale programme in die vakansie.

Besoektye en ingangsfooi

Die sentrum is Maandae tot Vrydae van 08:00 tot 16:00 oop – selfs in die skoolvakansies. Ingang is gratis vir individue en klein groepe. Koste beloop R10.00 per persoon as deel van ‘n skoolgroep. ‘n Interaktiewe wetenskap-partytjie kos R15.00 per persoon.

Kontakbesonderhede

Tel: 012 420 2865 of 012 420 2865 of 012 420 3767 of 012 420 3767

E-pos: receptionsci-enza@up.ac.za

Adres: Die ingang van die kampus is op die hoek van Festival- en Prospect-straat. Sci-Enza is in die eerste gebou op

regterhand, net verby sekuriteit.

Webwerf: www.sci-enza.up.ac.za

WES-KAAP

MTN Sciencentre

Die MTN Sciencentre by Canal Walk het 300 interaktiewe tentoonstellings. Dit is die perfekte plek vir die wat nuuskierig en aktief is. Dit verhoog kinders (en volwassenes) se vaardighede en begrip van wetenskap, tegnologie en wiskunde. Dis ontwerp om die skoolkurrikulum te verryk.

Die Sciencentre beloof om ‘n totale interaktiewe ondervinding te wees – met niks wat jy nie kan aanraak nie!

Besoektye en ingangsfooi

Die MTN Sciencentre is Sondae tot Donderdae van 09:00 tot 18:00 oop, en op Vrydae en Saterdae van 09:00 tot 21:00.

Groepbesoeke moet voor die tyd bespreek word.

Kaartjies is vir die hele dag geldig, so jy kan gedurende die dag soveel as wat jy wil uitgaan en weer inkom.

Vir kinders van 3 – 18 jaar kos ingang R28.00, vir volwassenes, R22.00 en vir pensioenarisse, R10.00. Daar is ook spesiale aanbiedings vir familie: vir 2 volwassenes en 2 kinders of 1 volwassene en 3 kinders kos dit R86.00.

Kontakbesonderhede

Tel: 021 529-8100 of 021 529-8100

Faks: 021 529-8179

E-pos: info@mtnsciencentre.org.za

Adres: Canal Walk 407 (Boonste vlak, Ingang 5), Century City

GPS-koördinate: S33°53.656 E18°30.571

Webwerf: http://www.mtnsciencentre.org.za/